

**Titel:** Oog tot Oog  
**Pastoor:** Lucille May  
**Datum:** 12 Oktober 2008  
**Tyd:** 9h00



### Hebreërs 12:2a

<sup>2</sup> die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het,

### Openbaring 19:7

<sup>7</sup> Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.

### II Korinthiërs 5:2, 4b-5

<sup>2</sup> Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word


<sup>4</sup> ...sodat die sterflike deur die lewe ingesluk kan word. <sup>5</sup> Maar Hy wat ons juis hiervoor voorberei het, is God, wat ons ook die Gees as waarborg gegee het.

### INSTRUKSIE – bekend

### INSPIRASIE - geheimenis

### Job 38:1-6

<sup>1</sup> Daarna het die HERE Job uit 'n storm geantwoord en gesê: <sup>2</sup> Wie is dit wat besig is om My bedoelinge te dwarsboom met woorde wat getuig dat hy geen insig het nie? <sup>3</sup> Gord dan soos 'n man jou heupe—dan sal Ek jou ondervra, en onderrig jy My. <sup>4</sup> Waar was jy toe Ek die aarde se fundamente gelê het? Praat as jy 'n antwoord het. <sup>5</sup> Wie het sy afmetinge bepaal? —jy weet dit mos! Of wie het daarvoor die maatlyn gespan? <sup>6</sup> Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê?



### Job 39:19-25

<sup>19</sup> Gee jy aan die perd sterkte? Beklee jy sy nek met maanhare? <sup>20</sup> Laat jy hom spring soos die sprinkaan? Sy trotse gesnuif is 'n verskrikking. <sup>21</sup> Hy kap die grond met sy pote en trippel rond; hy trek uit, die stryd tegemoet. <sup>22</sup> Hy lag oor die vrees en word nie verskrik nie en deins nie terug vir die swaard nie. <sup>23</sup> Op hom rammel die pylkoker, die flikkerende spies en lans. <sup>24</sup> Onstuimig en wild verslind hy die grond en staan nie stil as die trompet basuin nie. <sup>25</sup> By elke basuinstoot runnik hy: Heag! En van ver ruik hy die oorlog, die donderroep van die offisiere en die oorlogsgeskreeu.

### FEIT + INSPIRASIE = POËSIE

Poësie = 'n poging om die onverwoordbare in woorde uit te druk

### **I Korinthiërs 2:9-10, 14**

<sup>9</sup> maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. <sup>10</sup> Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

<sup>14</sup> Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

### **Job 42:5**

<sup>5</sup> Tot nou toe het ek U net gehoor; maar nou het my oog U gesien.

### **Hoe kry jy toegang daartoe?**

1. Begeerte om verder te ontdek / ondersoek
2. Maak die regte geluide

### **Psalm 91:1**

<sup>1</sup> Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal die skaduwee van die Almagtige geniet.

### **Psalm 42:1-2a**

<sup>1</sup> Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! <sup>2</sup> My siel dors na God, na die lewende God;

### **DIE RUS:**

### **Hebreërs 4:10**

<sup>10</sup> want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.